Verantwoordelikhede van Huiseienaars en Werkgewers wanneer Elektriese Toerusting gebruik word

Department
Van Arbeid

Die verantwoordelikheid vir die veilige gebruik en instandhouding van elektriese toerusting in huise en werkplekke is ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, Wet 85 van 1993, aan die gebruiker van sodanige elektriese toerusting opgelê.

Geldige Nakomingsertifikaat

'n Geldige Nakomingsertifikaat moet in huise en werkplekke beskikbaar wees. Die Departement van Arbeid is bewus daarvan dat die verskaffing van ongeldige Nakomingsertifikate 'n algemene verskynsel word, veral by die oordrag van eiendom en nuwe installasies.

Die Departement het dus goedgekeurde elektrisiteitsinspeksie-owerhede deur die land heen geakkrediteer om voldoening aan wetgewing te verseker, met inagneming van die verantwoordelikhede wat in die Wet uiteengesit is, en die skending van die regte van kopers van vaste eiendom.

Goedgekeurde Elektrisiteitsinspeksie-Owerhede

Dié inspeksie-owerhede is goedgekeur ingevolge die Wet en regulasie 12 van die Regulasies oor Elektriese Masjienerie om beweerde nie-voldoening aan elektrisiteitsregulasies, met inbegrip van voorvalle, namens die Departement te ondersoek. Hulle sal hulle bevindinge aan die Departement rapporteer, wat op sy beurt sal oorweeg of 'n strafregtelike vervolging ingestel gaan word, al dan nie.

Bystand deur Goedgekeurde Elektrisiteitsinspeksie-Owerhede

Gebruikers moet met dié inspeksie-owerhede in verbinding tree wanneer daar kommer oor elektrisiteitsveiligheid bestaan. Navrae oor die veilige gebruik van toerusting kan die volgende insluit:

* Nuwe elektrisiteitsinstallasies
* Veranderinge aan elektrisiteitsinstallasies
* Voldoening tydens oordrag van eiendom
* Klagtes oor onveilige installasies
* Onsekerheid oor die installering van spesifieke elektriese toerusting (bv.generators)
* Vervanging en installering van waterverwarmers, ens.
* Grootmaattoevoer, met inbegrip van fabrieks-, residensiële en kommersiële elektrisiteitsinstallasies
* Sonverwarmingstelsels (elektries)

Inspeksies

Almal se aandag word op artikel 38(e) van die Wet gevestig, wat bemoeiing met 'n inspekteur by die uitvoering van sy/haar pligte verbied, en versuim om aan dié regulasie te voldoen, is 'n misdryf.

Kontaknommers

Die goedgekeurde elektrisiteitsinspeksie-owerhede kan by die volgende nommers geskakel word:

Kaapstad	**(021) 987 3010**
George	**(044) 873 2235**
Port Elizabeth	**(041) 364 2868**
Durban	**(031) 205 3641**
Johannesburg	**(011) 957 3961 / 3622**
Pretoria	**(012) 974 9831**
Klerksdorp	**(018) 468 8462**
Welkom	**(057) 353 2289**

Die Department van Arbeid kan by die volgende nommers geskakel word:

Pretoria		(012) 309 4382
		(012) 309 4682
	faks:	(012) 309 4133

Voldoen aan Veiligheidswetgewing